
**Ks1-019**

Kerkstraat tussen Potgieter- en Schubartstraat. **Twee wagte voor Krugerhuis.**




Voor die hek staan twee wagte en op die stoep sit President Kruger.

Aan die oostekant van die voordeur was die hoekie waar Paul Kruger menige uur op sy rusbank deurgebing het. Dit was naastenby regoor die plek waar nou die bronsplaat van die Historiese Monumentekommisie te sien is. In 1936 het oud-minister Piet Grobler, wat hier op die stoep menigmaal uit die Engelse koerante vir die President voorgelees het of as tolk opgetree het wanneer daar vreemde besoekers was, 'n radiorede van die stoep af gehou. Voor hom het hy weer die Krugerfiguur gesien, die middelpunt van amptenare, burgers of vreemdelinge wat kom raadvra of gesels: "Hierdie stoep," het hy gesê. "geplavlei met blou leiklippe uit 'n naburige koppie, is vir ons Suid-Afrikaners heilige grond omdat dit ons herinner aan een van die grootste figure in die geskiedenis van die Afrikanervolk." [Pr-79 p31]

Wat op die President se stoep gesê was, het soms dwarsdeur die land sy invloed gehad. Hier kon hy met meer vryheid praat as in die Raadsaal en hier kon hy soms sake so voorberei of verduidelik dat dit later in die openbaar baie wrywing sou uitskakel. Soms was daar al smorens sesuur as die President na buite kom wagtendes op die stoep. Daar was geen formele afsprake nie; Paul Kruger was vir almal soggens en in die namiddag toeganklik wanneer hy nie op kantoor was nie. Hy het sy besoekers geken as hulle van sy eie burgers was en meestal hulle ouers ook. Veral tydens Voksraadsittings of as daar kommissies in sitting was, was dit lewendig op die stoep. [Pr-79 p32]

**Bibliografie**

Pr-79